**26 Januarie**

## Geniet wat jy het met vreugde

**Skrifgedeelte: Prediker 5:7-19**
**Fokusgedeelte: Prediker 5:18**

Jy kan geniet wat God jou gee! Jy kan met vreugde en blydskap jou kos eet en jou lewe vol maak.

Tog kan dit ook vir jou ’n las wees en net smart bring. Dit hang net af hoe jy dit wat die Here jou gee, sien ... en hoe jy die Here sien.

Die Prediker teken aan ons hier twee manne:

- altwee eet,
- altwee het genoeg om van te lewe,

maar tog is daar ’n verskil. Vir die een is dit net moeite en verdriet, maar die ander geniet die goeie.

Die verskil?

- Die een dink net aan homself en leef net vir homself ...
- Die ander sien alles wat hy het, as ’n gawe van God. Hy erken die bestuur van God oor alles in sy lewe. God is die Gewer van alles. Hy kan met vreugde alles wat God hom gee, geniet, met ’n hart wat oorloop van dankbaarheid.

Nee, God het nie net met ons siele iets te doen nie. Hy is ook die God van my gewone, alledaagse lewe, van my kos en klere, van my arbeid, van al my besittings.

As ek Hom sien as die Versorger uit Wie se hand alles kom, dan kan ek dit geniet ... natuurlik met die verantwoordelikheid om Hom te dank. Dit beteken dat ons ons besittings reg sal gebruik om Hom te eer, en dat ons ook aan dié wat minder het, sal dink. Bo alles moet dit ons lei om die ware rykdom wat ons in Christus het, raak te sien.

Kyk in alles op na God:

- met dankbaarheid in voorspoed, want Hy gee alles;
- met geduld in teëspoed, want die Here wat jou liefhet, regeer!

Geniet wat jy het met vreugde! Dit is ’n gawe van God.

*Sing: Ps 63:3, 6 (1936-beryming)* *Ds. Roelie Aucamp (Middelburg, Karoo)*